

# Bybelstudie

10-15 April 2022



*# Leef om te dien*

*By Sonstraal Gemeente is almal welkom –  
hier leer ons saam om soos Christus te leef.*

*Ons is geroep tot: Genade, Gasvryheid en Gestuurdheid.*

## **Kom tot rus:**

Vind 'n tyd en plek waar jy stil kan wees.

Sit gemaklik en maak jou oë toe.

Haal diep asem en wees bewus van jou liggaam en die plek waar jy is. Laat jou sintuie jou help om bewus te wees van jou omgewing: wat ruik jy, hoor jy, voel jy...? Wat sê jou lyf vir jou? Gee bewustelik erkenning aan elke gewaarwording en wees in die oomblik.

Luister na jou hart: waarna hunker jy, verlang jy? Wat laat jou hartseer of ongelukkig voel? Wat laat jou bly of dankbaar voel? Wees vir 'n paar oomblikke in jou hart en gee erkenning aan elke gevoel. Gee dit nou aan die Here. Spreek jou versugting uit, of sê waarom jy bly of dankbaar is. En wees stil.

Vra nou die Here om jou oop te stel om sy stem te hoor wanneer jy uit die Woord gaan lees.

## **Lees die teks:**

Lees Lukas 19:28-42 stadig deur... dalk 'n tweede keer. En laat toe dat die woorde tot in jou hart insink. Wees 'n paar oomblikke stil voordat jy verder lees. Laat toe dat 'n woord of frase of beeld uit die gelese teks na jou toe kom. Vertrou die Gees van die Here om dit aan jou te skenk. Ontvang dit en luister met jou hart daarna.

## Luister:

Indien jy die teks in 'n groep lees, gee nou geleentheid dat lede met mekaar kan deel wat hulle by die Here ontvang het deur die teks. Luister met respek na mekaar sonder om te reageer of kommentaar te lewer. Laat elkeen gehoor word.

## Agtergrond:

Die vertelling van die intog in Jerusalem begin met Jesus wat 'n donkievul, waarop nog niemand gery het nie, leen - as rydier waarop Jesus Jerusalem sou binnegaan. Die skare se gejuig, die sing van lofpsalms (o.a. Psalm 118), die opwinding, die wuif van takke neem toe soos Jerusalem binne sig kom – want die Messias – die Een wat die profesie (Sagaria 9:9) sou vervul, die bringer van die ryk van vrede – is oppad, en moet geëer word. Die skare volgeling het Hom geprys oor al die kragtige dade wat hulle gesien het Jesus doen. Die dissipels erken en bely Jesus as die beloofde Koning.

Sommige Fariseërs uit die skare deel nie in die vreugde nie. Inteendeel. Hulle beveel Jesus om sy dissipels te bestraf. Hierop antwoord Jesus die Fariseërs dat as die dissipels stil bly, die klippe sal uitroep.

Wanneer Jesus die stad se mense sien, huil Hy terwyl Hy sê: “As jy maar op hierdie dag dié dinge besef het wat vir jou vrede kan bring! Maar nou is dit vir jou oë verberg...”

## Grawe dieper:

1. Al wenende sê die Man op die eselsvul dat God vrede vir die stad Jerusalem in gedagte gehad het, maar die vrede is helaas vir die oë van Jerusalem bedek. Die woorde “die dinge besef het wat vir jou vrede kan bring” (v 42) dui op God se universele, opsoekende en reddende liefde. Dit is hierdie liefde wat deur Jesus Christus beliggaam is. Daarom maak dit die stad se blindheid soveel erger. Dit kom neer op openlike weiering om Jesus as die Messias en Seun van God te erken. As gevolg van hierdie onbegryplike blindheid en onboetvaardigheid, word die intog, wat 'n vreugdevolle geleentheid moes wees, 'n gebeurtenis van tranes en skerp veroordeling.
  - a. Kan jy dink aan maniere waarop Jesus vrede gebring/beliggaam het in sy bediening?
  - b. Waarom was die oë van Jerusalem hiervoor bedek? Wat wou hulle eintlik sien / wat het hulle van Jesus verwag?

- c. Is daar 'n moontlikheid dat ons vandag ook blind kan wees vir Jesus se vrederyk? Wat verwag ons van Jesus? Hoe lyk die vrederyk wat God deur Jesus gebring het?
  - d. Wat beteken dit vir ons as gelowiges, as gemeente, as kerk van Jesus?
2. Die verlossing waarna die menigte dissipels smag, is die verlossing van God se komende koninkryk. Dit is geestelike, liggaamlike en emosionele verlossing sowel as verlossing (of bevryding) uit sosiale en politieke onderdrukking. Dié verstaan van verlossing word in die lofsang van Maria gehoor (1:46-55). Die lofsang van Sagaria, wat na Psalm 111:9 teruggryp, verwoord eweneens die radikale betekenis van verlossing. Sagaria besing dit as “verlossing uit die hand van ons vyande en almal wat ons haat”; dit is geregtigheid, “barmhartigheid” en “ vertroosting vir die gebrokenes”, “ ’n opgaande lig om te skyn oor almal wat in duisternis en doodskaduwee sit” (1:68-79; sien ook 2:25, 38). So ook in die lofprysing van Simeon (2:30-31) en van die profetes Anna (2:38). Hierdie verlossing (ook heil genoem) is universeel, want die Saligmaker en Verlosser wat gekom het om te red en te verlos, steek grense oor: rassegrense, geslagsgrense, etniese grense, dorpsgrense. Die verlossing is vir mans, vroue en kinders; vir die Jode, maar ook vir die Samaritane, Kanaäniete en ander volke.
  - a. Hoe help hierdie beskrywing van verlossing ons om wyer te dink oor verlossing en om deel te neem in die verlossingswerk van Christus?
  - b. Die “Hosanna”- en “Geseënd is Hy wat kom”-uitroepe weerspieël by sommige in die skare ook verkeerde verwagtings dat die Romeinse Ryk verbreek gaan word; dat Jesus nasionale politieke bevryding van die Romeinse onderdrukking gaan bring; dat die Koning op die donkie die keiser of koning gaan vervang.
    - i. Dink na en gesels oor die kontras tussen hierdie verwagting en dit wat Jesus in werklikheid kom doen het.
    - ii. Watter elemente in die vertelling dui op hierdie kontras?
    - iii. Hoe sal jy/julle, op grond hiervan, Jesus se karakter beskryf?

3. Jesus se intog in Jerusalem op die rug van 'n geleende donkie beteken hoop. Palmsondag is immers die voorloper vir Opstandingsondag. En opstanding is die aanbreek van nuwe lewe, nuwe krag, nuwe drome, nuwe vertroue en nuwe lewensmoontlikhede.
  - a. Die Man op die donkie is die Verlosser wat omgee; wat medelye met ons swakhede, aanvegtings en twyfel het; wat nuwe hoop bring.
    - i. Hoe is dit waar in ons lewens?
    - ii. Luister na mekaar se getuienisse van wanhoop na hoop OF (indien jy alleen is) skryf 'n kort getuienis hieroor neer.
  - b. Hoe kan ons hoop in ons verwonde wêreld bring? Kan jy jouself tot een daad van hoop verbind?
4. Skryf 'n gebed of gedig in jou joernaal, of gee geleentheid vir gebed.

#### Slotgedagte:

Palmsondag is die laaste (en daarom die hoogtepunt) van die ses Sondae in Lydenstyd en ook die begin van die Groot Lydensweek. Op hierdie Sondag word die intog van Jesus in Jerusalem herroep, terwyl die gebeure van die res van die week ook in vooruitskouing geneem word. Gebruik hierdie week as 'n geleentheid om in die regte stemming vir Paasfees te kom.

Tekste wat jy deur die week kan lees is: Ps. 31:9-16; Ps. 36; Ps. 70; Ps. 71; Ps. 116; Ps. 118; Jes. 52:13-53:12; Joh. 20.

Onthou om Sondag palmtakke saam te bring kerk toe. Plaas dit asseblief by die voordeur.

